

26 Junie

Matteus 7:13-28, (Teks: 7:13,14)

### ***Kies reg***

Elke mens moet daagliks tientalle keuses maak. In verskeie situasies moet ons kies of ons die waarheid gaan praat of 'n leuen gaan vertel, goed of kwaad doen.

Ons kan die keuses in die lewe vergelyk met twee hekke met 'n pad wat deur elkeen gaan. Dis so maklik om verkeerd te kies. Satan gooi die hek wyd oop met sy versoekings en lê die aanloklike van die sonde as 'n pad van goud voor my deur.

Van nature is ek geneig om die breë pad deur die wye hek te kies. Ek kies met behulp van my EIE-EK, ongehoorsaamheid, hedendaagse afgode en die aanvaarding van ander mense as maatstaf. Daarom is 'n keuse uit jouself 'n keuse vir Satan téén God. As ek op dié manier kies, kies ek die pad wat na die verderf lei.

Hierteenoor stel Jesus die smal pad met die klein hekkie. Dis baie moeiliker om deur hierdie hek te gaan. En om op die smal pad te loop eis selfverloëning, totale gehoorsaamheid aan God, sondebelydenis en berou. Jy moet ook God se Woord aanvaar as enigste maatstaf vir jou lewe. En as jy na links of na regs van die smal pad afdraai, loop jy die klein hekkie mis!

Om die smal pad van God se Woord te kies, is dikwels moeilik. Dit kan jou ongewild maak onder vriende en kollegas. Dit kan jou soms selfs alleen laat staan. Maar een ding is seker - die smal pad is die pad van oorwinning. Die pad van die regverdige met beloftes van ryke seën: Hulp en bystand, vrede en blymoedigheid en dis die pad na - uiteindelik - 'n woonplek in die stad van ware goud - die NUWE Jerusalem!

Kies altyd in ooreenstemming met God se Woord en jy sal verbaas wees oor God se seën vir jou!

Sing: Psalm 25:2

Ds. H.B. Coetsee (Durban-Noord)